



You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# MUSIEK

## RIGLYNE VIR PRAKTIESE ASSESSERINGSTAKE

## GRAAD 12

## 2023

**Hierdie riglyne bestaan uit 39 bladsye.**

# INHOUDSOPGAWE


| | | Bladsy |
|---|---|---|
| **1.** | **INLEIDING** | **3** |
| **2.** | **ONDERWYSER- EN LEERDERRIGLYNE** | **3** |
| 2.1 | Hoe om die PAT'e te administreer | 3 |
| 2.2 | Opsomming van vereistes | 4 |
| 2.3 | Opsomming van assessering | 4 |
| **3.** | **SPESIFIEKE VEREISTES VIR DIE PAT'e** | **4** |
| **4.** | **GEDETAILEERDE BESKRYWING VAN DIE PAT'e** | **5** |
| 4.1 | PAT 1 – Opsies 1, 2 en 3 | 5 |
| 4.2 | PAT 2 – Opsies 1 en 2 | 7 |
| **5.** | **VOORBEELDE VAN PAT'e EN ASSESSERINGSINSTRUMENTE** | **8** |
| 5.1 | PAT 1 – Konsertvoordrag | 8 |
| 5.2 | PAT 1 – Programnotas | 12 |
| 5.3 | PAT 1 – Besigheidsplan | 16 |
| 5.4 | PAT 1 – Voorbeelde van improvisasie | 17 |
| 5.5 | PAT 2 – Komposisie | 33 |
| 5.6 | PAT 2 – Verwerking | 34 |
| 5.7 | PAT 2 – Voorbeelde van verwerking | 35 |
| **6.** | **VERKLARING VAN EGTHEID** | **37** |
| **7.** | **VOORGESTELDE BRONNE** | **38** |
| **8.** | **GEVOLGTREKKING** | **39** |

## 1. INLEIDING

Die 18 Kurrikulum-en-assesseringsbeleidsverklaring-vakke wat 'n praktiese komponent bevat, sluit almal 'n praktiese assesseringstaak (PAT) in. Hierdie vakke is:

- LANDBOU: Landboubestuurswetenskappe, Landboutegnologie
- KUNS: Dansstudies, Ontwerp, Dramatiese Kunste, Musiek, Visuele Kunste
- WETENSKAPPE: Rekenaartoepassingstegnologie, Inligtingstegnologie, Tegniese Wetenskappe, Tegniese Wiskunde
- DIENSTE: Verbruikerstudies, Gasvryheidstudies, Toerisme
- TEGNOLOGIE: Siviele Tegnologie, Elektriese Tegnologie, Meganiese Tegnologie en Ingenieursgrafika- en -ontwerp

'n Praktiese assesseringstaak (PAT) is 'n verpligte komponent van die finale promosiepunt vir alle kandidate ingeskryf vir vakke wat 'n praktiese komponent het en tel 25% (100 punte) van die eksamenpunt aan die einde van die jaar. Die PAT word oor die eerste drie kwartale van die skooljaar geïmplementeer. Dit word in verskillende fases of 'n reeks kleiner aktiwiteite afgebreek wat saam die PAT opmaak. Die PAT bied leerders die geleentheid om op 'n gereelde basis gedurende die skooljaar geassesseer te word en dit maak ook voorsiening vir die assessering van vaardighede wat nie in 'n geskrewe formaat, bv. toetse of eksamens, geassesseer kan word nie. Dit is dus belangrik dat skole seker maak dat al die leerders die praktiese assesseringstake binne die toegelate tydperk voltooi om te verseker dat leerders aan die einde van die jaar hulle uitslae ontvang. Die beplanning en uitvoering van die PAT verskil van vak tot vak.

## 2. RIGLYNE VIR ONDERWYSERS EN LEERDERS

### 2.1 Hoe om die PAT'e te administreer

- Musiek het TWEE praktiese assesseringstake (PAT'e) met 'n gewig van 25% van die finale promosiepunt. Toets 1 (Kwartaal 1) en die Voorbereidende Eksamen (Kwartaal 3) vorm die skoolgebaseerde assesseringspunt (SGA) en dra ook 'n gewig van 25% van die finale promosiepunt.
- Die PAT'e vereis dat die onderwyser leerders se verworwe vaardighede direk en sistematies onder beheerde omstandighede waarneem. Hierdie vaardighede sluit praktiese en improvisasievaardighede, sowel as genoteerde kreatiewe uitsette, in.
- Die PAT'e moet gedurende die eerste twee kwartale van die graad 12-jaar voltooi word. Die beplanning en voltooiing van die PAT'e kan volgens die diskresie van die onderwyser en in enige volgorde gedoen word.
- Die praktiese take van PAT 1 moet in die formaat van 'n enkele konsertvoordrag gedoen word, terwyl die geskrewe take van PAT 2 as 'n reeks kleiner take oor die bestek van 'n paar weke voltooi kan word.
- Die PAT'e stem nou ooreen met die kurrikuluminhoud van Musiek en vorm deel van die onderrig en assesseringsaktiwiteite.
- Ten minste 40% van PAT 2 moet in die klas onder toesig van die onderwyser gedoen word. Die onderwyser moet die werk as die leerder se eie verifieer.
- Die voorbeelde in hierdie PAT-dokument dien slegs as basiese riglyne. Onderwysers mag hulle eie PAT'e saamstel wat meer geskik is vir hulle eie spesifieke kontekste. Hierdie PAT'e moet op dieselfde standaard wees as die voorbeelde hier gegee.
- Indien daar slegs een Musiekonderwyser by 'n skool is, moet al die voordrag-gebaseerde take (PAT 1 en die praktiese eksamens) saam met 'n Musiekonderwyser van 'n buurskool, die vakadviseur of 'n onafhanklike musiekspesialis geassesseer word.
- Omvattende en toepaslike modereringspraktyke op skool-, distriks- en provinsiale vlak moet in plek wees vir die gehalteversekering van die PAT'e.

**2.2 Opsomming van vereistes**

Die finale punt vir graad 12 Musiek word uit die PAT'e, toetse, voorbereidende eksamen en finale eksterne eksamen saamgestel.

**2.3 Opsomming van assessering**

| KWARTAAL | KOMPONENTE | | | FINALE PUNT |
|---|---|---|---|---|
| **PAT'e (in enige volgorde)** | | | | |
| 1–2 | PAT 1: Konsertvoordrag OF<br>Improvisasie OF<br>Inheemse Afrika-musiekvoordrag | 50 | | |
| 1–2 | PAT 2: Komposisie OF<br>Verwerking | 50 | **100** | **100** |
| **SBA** | | | | |
| 1 | TOETS: Geletterdheid<br>AMK<br>Musiekbegrip | 40<br>40<br>20 | **100** | |
| 3 | EKSAMEN:<br>Praktiese Eksamen V3<br>Vraestel 1 (Geletterdheid & AMK)<br>Vraestel 2 (Musiekbegrip) | <br>150<br>120<br>30 | **300** | 400 ÷ 4 = **100** |
| **FINALE EKSTERNE EKSAMEN** | | | | |
| 4 | Praktiese Eksamen V3<br>Vraestel 1 (Geletterdheid & AMK)<br>Vraestel 2 (Musiekbegrip) | 150<br>120<br>30 | **300** | 300 x 2 ÷ 3 = **200** |
| | **Promosietotaal**<br>% | | | **400**<br>**100** |

**3. SPESIFIEKE VEREISTES VIR PAT'e**

| PAT | BESKRYWING | PUNTE | |
|---|---|---|---|
| PAT 1 | **Konsertvoordrag:**<br>• DRIE (3) voordragopsies: Repertorium-stuk (een afgeronde werk) OF Improvisasie (24 mate) OF Inheemse Afrika-musiekvoordrag (musiek, dans, gesproke teks)<br>• Geskrewe programnotas oor die voordragstuk<br>• Besigheidsplan | 30<br>10<br>10 | 50 |
| | **Komposisie OF Verwerking:**<br>• 'n Minimum van 24 mate<br>• Handgeskrewe of gedrukte, gedetailleerde partituur of skeletpartituur ('lead sheet') in musieknotasie (Vir die Inheemse Afrika- voordrag moet geskrewe instruksies vir die dans en gesproke teks saam met die genoteerde partituur voorsien word. Die komposisie moet 'n ander werk as dié van PAT 1 wees.) | 50 | 50 |
| | **TOTAAL VIR PAT'e** | | **100** |

## 4. GEDETAILEERDE BESKRYWING VAN PAT'e

### 4.1 PAT 1: Konsertvoordrag

**Daar is DRIE (3) opsies hieronder. Die kandidaat moet slegs EEN (1) kies.**

**Assessering**

- Die konsertvoordrag, die geskrewe programnotas en die besigheidsplan moet deur ten minste TWEE (2) musiekonderwysers of musiekspesialiste geassesseer word.
- Die bewys van assessering van die konsertvoordrag, die geskrewe programnotas en die besigheidsplan moet in elke leerder se lêer geplaas word.

#### 4.1.1 Voordragopsie 1 – Repertorium-stuk (50)

**Voordrag (30)**
Elke leerder speel EEN (1) stuk in konsertomstandighede of 'n voordragklas. Die werk moet afgerond en gereed wees om mee op te tree en moet deel van die repertorium vir die finale praktiese eksamen vorm.

**Programnotas (10)**
Elke leerder moet programnotas van 120–150 woorde oor die voordragwerk skryf. Inligting moet verwys na die komponis, historiese feite, vormstruktuur en relevante styleienskappe van die werk insluit.

**Besigheidsplan (10)**
Elke leerder moet 'n besigheidsplan vir die konsert oor die begroting en kopiereg skryf.

- **Begroting:** Die begroting moet die kostestruktuur van 'n erkende konsertvenue vir die spesifieke styl van musiek, kunstenaarsgelde, kopiereggelde en enige ander ekstras (die huur van instrumente/beligting, klanktegnici, ens.) insluit.
- **Kopiereg**: 'n Voltooide aansoekvorm vir die voordragregte van die spesifieke werk moet ingesluit word ongeag die ouderdom van die komposisie. In die geval van 'n nuwe werk moet die voltooide registrasie van kopiereg ingesluit word.

#### 4.1.2 Voordragopsie 2 – Improvisasie (50)

**Voordrag (30)**
Elke leerder moet EEN (1) improvisasie van 'n minimum van 24 mate in konsertomstandighede speel met begeleiding deur 'n toepaslike instrument of groep instrumente of opgeneemde agtergrondmusiek (*backtrack*).

- **Tydsraamwerk:** Die begeleidingsmateriaal (akkoordprogressies of agtergrondmusiek) vir die improvisasie moet ten minste twee weke voor die tyd aan die leerder gegee word sodat die leerder voldoende tyd vir voorbereiding het.
- **Lewendige voordrag:** Gedurende die lewendige voordrag mag die leerder slegs die akkoordprogressie, akkoordblad of skeletpartituur ('lead sheet') voor hom/haar hê. Die begeleiding mag slegs een keer as inleiding gespeel word en dan moet dit herhaal word terwyl die leerder improviseer. Vir slaginstrumente moet die begeleidende ritme dwarsdeur gespeel word.
- **Instrumente:**
  (a) Alle voordragte moet beide melodiese en ritmiese improvisasie insluit, behalwe by nie-melodiese slaginstrumente.
  (b) Kitaar, klavier, orrel en klawerbordvoordrag mag uit enkellyn-improvisasies bestaan soos ook die geval met blaas- en strykinstrumente.
  (c) Leerders wat op transponerende instrumente speel, moet vooraf seker maak dat die improvisasie in die korrekte toonsoort voorberei word sodat dit dieselfde is as begeleiding in konserttoonhoogte. Aparte akkoordblaaie/skeletpartiture ('lead sheets') moet vir alle transponerende instrumente voorsien word.
- **Styl:** Die styl van die improvisasie word nie voorgeskryf nie. Die onderwyser mag geskikte materiaal, relevant tot die styl van musiek wat deur die leerder bestudeer word, verskaf.

**Programnotas (10)**
Elke leerder moet programnotas van 120–150 woorde skryf waarin die musikale eienskappe van hulle improvisasie verduidelik word. Dit moet aspekte soos vormstruktuur, harmonie, melodiese variasie, ritmiese variasie, ornamentasie en standaard-komposisietegnieke insluit.

**Besigheidsplan (10)**
Elke leerder moet 'n geskrewe besigheidsplan voorlê waarin die begroting en kopiereg uiteengesit word.

- **Begroting:** Die begroting moet die prysstruktuur van 'n erkende konsertvenue vir die spesifieke styl van musiek, kunstenaarsgelde, kopiereggelde en enige ekstras (die huur van instrumente/beligting/klank tegnici, ens.) insluit.
- **Kopiereg:** 'n Voltooide aansoekvorm vir die voordragregte van die spesifieke werk moet ingesluit word ongeag hoe oud die komposisie is. In die geval van 'n nuwe komposisie moet die voltooide aansoek van kopieregregistrasie ingesluit word.

**4.1.3 Voordragopsie 3 – Inheemse Afrika-musiek-voordrag (50)**

**Voordrag (30)**
Leerders moet 'n Inheemse Afrika-musiek-voordrag in 'n voordragklas lewer. Hierdie voordrag moet inheemse instrumentale en/of vokale musiek, dans en/of storievertelling en/of drama insluit en moet die rol van musiek in die inheemse Afrika-gemeenskap uitbeeld. **Die groep mag nie uit meer as ses (6) leerders bestaan nie.** Elke leerder moet 'n aktiewe deelnemer in ten minste die musikale aspekte van die voordrag wees. 'n Spesifieke kultuur/tradisie moet verteenwoordig word. Die styl van die musiek mag nie volks-oorlewering (*itzibili*) wees nie. Die voordrag moet ten minste sewe (7) minute lank wees. Dit moet afgerond en gereed wees vir optrede; en moet deel vorm van die leerder se finale praktiese-eksamen-repertorium.

**Programnotas (10)**
Elke leerder moet programnotas van 120–150 woorde oor die musiek- en dansvoordrag skryf. Die inligting moet verwysings na die oorsprong, spesifieke stilistiese en tradisionele kenmerke verwant aan die gekose musiek en dans asook die konteks van die daaglikse lewe, d.i. ontspanning, inisiasie, werk en vereringsaktiwiteite, bevat. Voordragnotas moet ook refleksief van aard wees – leerders kan bv. notas skryf oor die proses wat gevolg is om die voordrag of aanbieding te beplan. Ervarings ten opsigte van die aanleer van die musiek- en dansbewegings, soos tegniese probleme, die organiseer van die ensemble, instrumentasie en choreografie, kan ook deel van die programnotas vorm.

**Besigheidsplan (10)**
Elke leerder moet 'n geskrewe plan vir die konsert ten opsigte van begroting en kopiereg voorlê.

- **Begroting:** Die begroting moet die prysstruktuur van 'n erkende konsertvenue vir die spesifieke styl van musiek, kunstenaarsgelde, kopiereggelde en enige ekstras (bv. die huur van instrumente/beligting/klank tegnici) insluit.
- **Kopiereg:** 'n Voltooide aansoekvorm vir die voordragregte van die spesifieke werk moet ingesluit word ongeag hoe oud die komposisie is. In die geval van 'n nuwe (musikale) werk/liedjie moet die voltooide aansoek van kopieregregistrasie voorsien word.

## 4.2 PAT 2: Komposisie of verwerking

**Daar is DRIE (3) opsies hieronder. Die kandidaat moet slegs EEN (1) kies.**

**Assessering**
- Die komposisie of verwerking moet deur ten minste TWEE (2) Musiekonderwysers of -spesialiste geassesseer word.
- Bewys van assessering van die komposisie of verwerking sowel as die werk self (in die formaat van 'n partituur, skeletpartituur of opname) moet vir modereringsdoeleindes in elke leerder se lêer geplaas word.

### 4.2.1 Komposisieopsie 1 (50) OF verwerkingsopsie 2 (50)
Elke leerder moet 'n stuk komponeer of verwerk volgens die volgende kriteria:

**Omvang**
Die minimum vereiste lengte is 24 mate.
Die volgende tydmaattekens word aanvaar: 3/4, 4/4, 6/8, 9/8, 12/8.

**Instrumentasie**
Kies tussen die volgende instrumentasieopsies:
- Klawerbordinstrument
- Klawerbordinstrument en solo-instrument
- 'n Lied met begeleiding
- Jazz-combo
- Gemengde koor (SATB, TTBB, SSA, TTB)
- Enige kombinasie van ten minste DRIE/VIER (3/4) instrumente
- Klassieke/Afrika-perkussie vir ten minste DRIE (3) instrumente
- Instrumentale of vokale musiek, dans en storievertelling vir IAM wat die rol en funksie van musiek in die Afrika-gemeenskapslewe uitdruk, bv. ontspanning, werk, inisiasie en aanbidding.

.
**Styl**
Die komposisie of verwerking moet 'n tonale harmoniese basis hê tesame met 'n duidelike melodiese lyn in 'n homofoniese of polifoniese tekstuur. Komposisie/Verwerkings vir slaginstrumente moet rondom ritmiese beginsels wat op die instrumente betrekking het, beplan word.

**Partituur**
- Die gebruik van toepaslike notasiesagteware word aangemoedig.
- Elke leerder moet 'n gedetailleerde partituur of skeletpartituur ('lead sheet') inlewer. Dit kan handgeskryf of gedruk wees. Die partituur moet voordragaanduidings, soos tempo, dinamiek, artikulasie en aanduidings ten opsigte van karakter, insluit.
- Vir 'n jazz-combo kan die partituur deur 'n lewendige opname vervang word, tesame met 'n gedetailleerde voordragkaart skeletpartituur ('lead sheet') met genoteerde melodieë, spesifieke akkoordprogressies, ritmes en akkoordsimbole).
- Die werk vir gemengde koor kan in tonika-solfa geskryf word.

## 5. VOORBEELDE VAN PAT'e EN ASSESSERINGSINSTRUMENTE

### 5.1 PAT 1: Konsertvoordrag

**PAT 1 (OPSIE 1): KONSERTVOORDRAG – Enkel werk**

**TOTALE PUNT PAT 1:**
Voordrag _____/30 + Programnotas ____/10 + Besigheidsplan_____/10 = ______**/50**

**Assesseringsverslag: VOORDRAG** **Totaal: _____/30**

| | |
|---|---|
| Leerder se naam | Datum |
| Komponis en titel | Instrument |

**INSTRUKIES**
Speel EEN (1) stuk in 'n konsert of voorspeelklas. Hierdie werk moet afgerond en voordraggereed wees. Die stuk moet deel van die finale praktiese-eksamen-program wees.

| VOORDRAGKRITERIA | MAKSIMUM PUNT | LEERDER SE PUNT |
|---|---|---|
| Vloei en akkuraatheid | 20 | |
| Musikaliteit; stilistiese begrip; interpretasie | 20 | |
| Algemeen:<br>* Toonproduksie/Aanslag<br>* Intonasie<br>* Tegniese vaardigheid<br>* Geskikte tempo<br>* Verhoogpersoonlikheid | 20 | |
| **Subtotaal** | **60** | |
| **Voordragtotaal (60 ÷ 2 = 30)** | **30** | |

| |
|---|
| Kommentaar |
| Onderwyser 1: Naam en handtekening |
| Onderwyser 2: Naam en handtekening |

**ASSESSERINGSINSTRUMENT VIR VOORDRAG (OPSIE 1)**

| VLOEI; AKKURAATHEID<br>20 | STYLBEGRIP; MUSIKALE BEGRIP/ INTERPRETASIE<br>20 | ALGEMEEN<br>20 |
|---|---|---|
| **(18–20)**<br>**UITSTEKEND**<br>Akkuraat, vlot en presiese spel | **(18–20)**<br>**UITSTEKEND**<br>Duidelike begrip van die styl vereis, uitstekende projeksie en kommunikasie van die betekenis van die musiek | **(18–20)**<br>**UITSTEKEND**<br>Uitstekende toonproduksie en aanslag, intonasie, tegniese vaardigheid en toepaslike tempo en verhoogpersoonlikheid |
| **(14–17)**<br>**GOED**<br>Hoofsaaklik akkurate en vlot spel | **(14–17)**<br>**GOED**<br>Goeie sin vir voordrag in die betrokke styl, goeie begrip en kommunikasie van die betekenis van die musiek | **(14–17)**<br>**GOED**<br>Goeie toonproduksie, aanslag, intonasie, tegniese vaardigheid, tempo en verhoogpersoonlikheid |
| **(10–13)**<br>**GEMIDDELD**<br>Oor die algemeen akkuraat met redelike vloei | **(10–13)**<br>**GEMIDDELD**<br>'n Redelike sin vir die vereiste styl; gedeeltelik suksesvolle kommunikasie van die betekenis van die musiek | **(10–13)**<br>**GEMIDDELD**<br>Redelike toonproduksie, aanslag, tegniese vaardigheid, tempo en verhoogpersoonlikheid |
| **(6–9)**<br>**AANVAARBAAR**<br>Tentatiewe tempo, polsslag nie deurgaans duidelik nie, gereelde huiwerings, beperkte vlak van akkuraatheid | **(6–9)**<br>**AANVAARBAAR**<br>Voordrag huiwerig met 'n gebrek aan 'n gevoel vir styl, min musikale begrip | **(6–9)**<br>**AANVAARBAAR**<br>Beperkte begrip van toonproduksie, aanslag, intonasie, tegniese vaardigheid, tempo en verhoog-persoonlikheid |
| **(0–5)**<br>**ONAANVAARBAAR**<br>Baie swak kontinuïteit met gereelde struikelings, oor begin of onderbrekings, lae vlak van akkuraatheid met baie foute | **(0–5)**<br>**ONAANVAARBAAR**<br>Styl vaagweg herkenbaar, gebrek aan musikale gevoel | **(0–5)**<br>**ONAANVAARBAAR**<br>Gebrek aan toonproduksie, aanslag-, intonasie-, tegniese vaardigheid, tempo en verhoogpersoonlikheid |

## PAT 1 (OPSIE 2): KONSERTVOORDRAG – Improvisasie

**TOTALE PUNT PAT 1:**
Voordrag_____/30 + Programnotas ____/10 + Besigheidsplan _____/10 = ______**/50**

**Assesseringsverslag: IMPROVISASIEVOORDRAG** **Totaal: _____/30**

| Leerder se naam | Datum |
|---|---|
| Improvisasie-opsie | Instrument |

**INSTRUKSIES**

1. Kies enigeen van **Opsies 1–6** en doen 'n minimum van 24 mate improvisasie.
2. Jy sal die akkoordblad/skeletpartituur twee weke voor die datum van die improvisasievoordrag ontvang sodat jy vir die optrede kan voorberei.
3. Jy mag geen partituur behalwe die akkoordblad/skeletpartituur voor jou hê tydens die voordrag nie.
4. Die begeleiding sal een keer as inleiding gespeel word, waarna dit herhaal sal word terwyl jy improviseer.
5. Die improvisasie sal, indien moontlik, opgeneem word ter wille van toekomstige verwysing. Twee musiekonderwysers sal die optrede assesseer.
6. Die voordrag moet melodiese en ritmiese improvisasie bevat, behalwe in die geval van nie-melodiese slaginstrumente waar die fokus op ritme sal wees.
7. Enkellyn-improvisasie is aanvaarbaar vir kitaar, klavier en orrel, soos wat dit die praktyk is vir alle blaas- en strykinstrumente.
8. Leerders wat op transponerende instrumente speel, moet seker maak dat hulle improvisasies in die korrekte toonsoort gespeel word. Aparte akkoordblaaie/skeletpartiture word vir transponerende instrumente verskaf.
9. Die improvisasie word volgens die volgende rubriek geassesseer:

| **IMPROVISASIEKRITERIA** | **MAKSMUM PUNT** | | **LEERDER SE PUNT** |
|---|---|---|---|
| | **Ritmiese Improvisasie** | **Melodiese/Ritmiese Improvisasie** | |
| **Melodiese aspekte**<br>* Toonlere/Modusse, nie-harmoniese note<br>* Melodiese motiewe, melodiese lyn/vorm | - | 10 | |
| **Ritmiese aspekte**<br>* Ritmiese variasie, kompleksiteit<br>* Ritmiese motiewe, ritmiese dryfkrag | 20 | 10 | |
| **Algemeen**<br>* Kreatiwiteit<br>* Vloeiendheid, akkuraatheid, tegniese vaardigheid<br>* Intonasie, toonproduksie/aanslag | 20 | 20 | |
| Musikaliteit en stilisties begrip/ interpretasie | 20 | 20 | |
| **Subtotaal** | **60** | **60** | |
| **Voordragtotaal (60 ÷ 2 = 30)** | **30** | **30** | |

| Kommentaar |
|---|
| Onderwyser 1: Naam en handtekening |
| Onderwyser 2: Naam en handtekening |

**PAT 1 (OPSIE 3): KONSERTVOORDRAG – Inheemse Afrika-musiek**

**TOTALE PUNT PAT 1:**
Voordrag _____/30 + Voordragnotas ____/10 +Besigheidsplan _____/10 = ______**/50**

**Assesseringsverslag: IAM-VOORDRAG** **Totaal: _____/30**

| Leerder se naam | Datum |
|---|---|
| Improvisasie opsie | Instrument |

**INSTRUKSIES**

1. Alle Inheemse Afrika-musiek-voordragte moet onder konsertomstandighede of in 'n voorspeelklas aangebied word.
2. Hierdie voordrag moet inheemse instrumentale en/of vokale musiek, dans en/of storievertelling bevat, en moet die rol van musiek in die inheemse Afrika-gemeenskap uitbeeld.
3. Jy moet die aktiewe voordraer in ten minste die musikale aspekte van die voordrag wees.
4. 'n Spesifieke kultuur/tradisie moet duidelik verteenwoordig word.

| KRITERIA | MAKSIMUM PUNT | LEERDER SE PUNT |
|---|---|---|
| **Kultuur**<br>*Beeld 'n duidelike begrip van die kultuur/tradisie uit | 10 | |
| **Dans/Beweging en regalia**<br>* Toepaslikheid vir die styl/tradisie/kultuur<br>* Geskiktheid van regalia | 10 | |
| **Musikaliteit**<br>* Melodiese en ritmiese gevoel<br>* Artikulasie, diksie, tegniese vaardigheid<br>* Intonasie, toonproduksie | 30 | |
| **Instrumentasie**<br>* Keuse en hantering van tradisionele instrumente<br>* Balans, stemondersteuning | 10 | |
| **Subtotaal** | **60** | |
| **Voordragtotaal (60 ÷ 2 = 30)** | **30** | |

| Kommentaar |
|---|
| Onderwyser 1: Naam en handtekening |
| Onderwyser 2: Naam en handtekening |

## 5.2 PAT 1: Konsertvoordrag – programnotas

**PAT 1 (OPSIE 1): KONSERTVOORDRAG – Repertorium (vervolg)**

**Assesseringsverslag: PROGRAMNOTAS** **Totaal: _____/10**

| | |
|---|---|
| Leerder se naam | Datum |
| Komponis en titel | Instrument |

**INSTRUKSIES**

1. Skryf kort programnotas (120–150 woorde) oor die repertorium-werk wat in die konsert voorgedra is.
2. Die inligting moet verwys na die komponis, historiese feite, vormstruktuur en die relevante styleienskappe van die werk.
3. Punte sal toegeken word vir inhoud en aanbieding.

| |
|---|
| Kommentaar |
| Onderwyser 1: Naam en handtekening |
| Onderwyser 2: Naam en handtekening |

Kopiereg voorbehou 

**PAT 1 (OPSIE 2): KONSERTVOORDRAG – Improvisasie (vervolg)**

**Assesseringsverslag: PROGRAMNOTAS** **Totaal: _____/10**

| Leerder se naam | Datum |
|---|---|
| Komponis en titel | Instrument |

**INSTRUKSIES**

1. Skryf programnotas (120–150 woorde) waarin jy verduidelik wat die musikale eienskappe van jou improvisasie is. Jou verduideliking moet aspekte soos vorm, harmonie, melodiese variasie, ritmiese variasie, ornamentasie en standaard-komposisietegnieke insluit.
2. Punte sal vir inhoud en aanbieding toegeken word.

______________________________________________________________
______________________________________________________________
______________________________________________________________
______________________________________________________________
______________________________________________________________
______________________________________________________________
______________________________________________________________
______________________________________________________________
______________________________________________________________
______________________________________________________________
______________________________________________________________
______________________________________________________________
______________________________________________________________
______________________________________________________________

| Kommentaar |
|---|
| Onderwyser 1: Naam en handtekening |
| Onderwyser 2: Naam en handtekening |

## PAT 1 (OPSIE 3): Inheemse Afrika-musiek-voordrag (vervolg)

**Assesseringsverslag: Voordragplan** **Totaal: _____/10**

| Leerder se naam | Datum |
|---|---|
| Komponis en titel | Instrument |

**INSTRUKSIES**

1. Stel 'n geskrewe plan saam vir jou voordrag. Die plan moet verwys na gehoordeelname, kostuums, die gekose musiek en tradisionele instrumente insluit.
2. Beskrywings van die agtergrondnavorsing oor die musiek en dans moet hierby ingesluit word.
3. Lewer kommentaar oor die konteks van die voorgestelde voordrag as deel van die daaglikse roetine, d.i. ontspanning, werk, inisiasie en aanbidding.
4. Punte sal toegeken word vir inhoud en aanbieding.

____________________________________________________________

____________________________________________________________

____________________________________________________________

____________________________________________________________

____________________________________________________________

____________________________________________________________

____________________________________________________________

____________________________________________________________

____________________________________________________________

____________________________________________________________

____________________________________________________________

____________________________________________________________

____________________________________________________________

| Kommentaar |
|---|
| Onderwyser 1: Naam en handtekening |
| Onderwyser 2: Naam en handtekening |

**ASSESSERINGSINSTRUMENT VIR PROGRAMNOTAS (OPSIES 1, 2 EN 3)**

| **INHOUD EN AANBIEDING**<br>**10** |
|---|
| **(9–10)**<br>**UITSTEKEND**<br>Samehangend, akkuraat en omvangryk |
| **(7–8)**<br>**GOED**<br>Meesal samehangend, meesal akkuraat en gedetailleerd |
| **(5–6)**<br>**GEMIDDELD**<br>Redelik samehangend en akkuraat, soms word detail verskaf |
| **(3–4)**<br>**AANVAARBAAR**<br>Ietwat samehangend, lae vlak van akkuraatheid, detail kom kort |
| **(0–2)**<br>**ONAANVAARBAAR**<br>Geen samehang nie, onakkuraat en onvolledig |

## 5.3 PAT 1: Konsertvoordrag – besigheidsplan

**PAT 1: KONSERTVOORDRAG (OPSIES 1, 2 en 3) (vervolg)**

**Assesseringsverslag: BESIGHEIDSPLAN** **Totaal:______/10**

| Leerder se naam | Datum |
|---|---|
| Komponis en titel | Instrument |

**INSTRUKSIES**

1. Bied 'n geskrewe plan aan vir die konsertvoordrag betreffende begroting en kopiereg.
2. **Begroting:** Trek 'n begroting op vir die konsertvoordrag. Sluit die prysstruktuur van 'n erkende konsertvenue vir die spesifieke styl van musiek in, tesame met kunstenaarsgelde, kopiereggelde en enige ekstras soos die huur van instrumente/beligting/klank tegnici, ens.
3. **Kopiereg**: Voltooi 'n aansoekvorm vir voordragregte van die spesifieke werk ongeag die ouderdom van die komposisie. In die geval van 'n nuwe komposisie, heg 'n voltooide aansoekvorm vir kopieregistrasie aan.
4. Punte sal toegeken word vir aanbieding en inhoud.

| Kommentaar |
|---|
| Onderwyser 1: Naam en handtekening |
| Onderwyser 2: Naam en handtekening |

**ASSESSERINGSINSTRUMENT VIR BESIGHEIDSPLAN (OPSIES 1, 2 en 3)**

| **BEGROTING**<br>**(UITGAWES WORD GELYS)**<br>**15** | **KOPIEREG**<br>**(RELEVANTE AANSOEKVORMS VOLTOOI)**<br>**5** |
|---|---|
| **(12½–15)**<br>**UITSTEKEND**<br>Samehangend en omvangryk | **(5)**<br>**UITSTEKEND** |
| **(10½–12)**<br>**GOED**<br>Meesal samehangend, gedetailleerd | **(4)**<br>**GOED** |
| **(9–10)**<br>**GEMIDDELD**<br>Redelik samehangend, min detail verskaf | **(3)**<br>**GEMIDDELD** |
| **(6–8)**<br>**AANVAARBAAR**<br>Ietwat samehangend, detail kom kort | **(2)**<br>**AANVAARBAAR** |
| **(0–5)**<br>**ONAANVAARBAAR**<br>Geen samehang nie, onvolledig | **(0–1)**<br>**ONAANVAARBAAR** |
| | **Totaal: (20 ÷ 2) = 10** |

## 5.4 PAT 1: Voorbeelde vir improvisasie

Die voorbeelde vir improvisasies in hierdie PAT-dokument dien slegs as basiese riglyn en die opsies is gebaseer op die volgende progressies:

| OPSIE | PROGRESSIE |
|---|---|
| 1 en 2 | Blues |
| 3 | Barok |
| 4 en 5 | Akkoordprogressies wat algemeen in moderne Afrika-konstrukte van marabi, kwela en mbaqanga voorkom |
| 6 | Nie-melodiese improvisasie |

Onderwysers mag hul eie skeletpartiture ('lead sheets') voltooi wat meer toepaslik is vir hulle eie omstandighede. Hierdie self-gegenereerde PAT'e moet van dieselfde standaard as die voorbeelde in hierdie dokument wees.

**IMPROVISASIE (voorbeelde)**

**OPSIE 1**


**Klavierbegeleiding**

**EXAMINATION BLUES**




**AKKOORDBLAD/SKELETPARTITURE ('LEAD SHEETS') VIR TRANSPONERENDE INSTRUMENTE**


**EXAMINATION BLUES**
**Klarinet, Tenoor/Sopraansaksofoon, Trompet in B$^b$**





**EXAMINATION BLUES**
**Altsaksofoon in E$^b$**



**EXAMINATION BLUES**
**Franse Horing in F**




**EXAMINATION BLUES**
**Klavier, Klawerbord, Kitaar, Perkussie**
**Konserttoonhoogte**



**OPSIE 2**

**Klavierbegeleiding**


**BLUES**

**Lively**




**AKKOORDBLAD/SKELETPARTITUUR ('LEAD SHEET') VIR TRANSPONERENDE INSTRUMENTE**


**BLUES**
**Klarinet, Tenoor/Sopraansaksofoon, Trompet in B$^b$**





**BLUES**
**Altsaksofoon in E$^b$**



**BLUES**
**Franse Horing in F**





**BLUES**
**Klavier, Klawerbord, Kitaar, Perkussie**
**Konserttoonhoogte**



**OPSIE 3**


**Klavierbegeleiding**

## PACHELBEL'S CONTEMPLATION




**AKKOORDBLAD/SKELETPARTITUUR ('LEAD SHEET') VIR TRANSPONERENDE INSTRUMENTE**

**PACHELBEL'S CONTEMPLATION**
**Klarinet, Tenoor/Sopraansaksofoon, Trompet in B$^b$**





**PACHELBEL'S CONTEMPLATION**
**Altsaksofoon in E$^b$**




## PACHELBEL'S CONTEMPLATION
## Franse Horing in F

*Reverently but not too serious* ♩ = 116 - 124




## PACHELBEL'S CONTEMPLATION
## Klavier, Klawerbord, Kitaar, Perkussie
## Konsertoonhoogte

*Reverently but not too serious* ♩ = 116 - 124



**OPSIE 4**


**Klavierbegeleiding**

**PHONELA'S JIVE**




**AKKOORDBLAD/SKELETPARTITUUR ('LEAD SHEET') VIR TRANSPONERENDE INSTRUMENTE**


**PHONELA'S JIVE**
**Klarinet, Tenoor/Sopraansaksofoon, Trompet in B♭**





**PHONELA'S JIVE**
**Altsaksofoon in E♭**



**PHONELA'S JIVE**
**Franse Horing in F**




**PHONELA'S JIVE**
**Klavier, Klawerbord, Kitaar, Perkussie**
**Konserttoonhoogte**



**OPSIE 5**


**Klavierbegeleiding**

**DBE SHUFFLE**




**AKKOORDBLAD/SKELETPARTITUUR ('LEAD SHEET') VIR TRANSPONERENDE INSTRUMENTE**


## DBE SHUFFLE
**Klarinet, Tenoor/Sopraansaksofoon, Trompet in B$^{b}$**





## DBE SHUFFLE
**Altsaksofoon in E$^{b}$**




## DBE SHUFFLE
**Franse Horing in F**



**DBE SHUFFLE**
**Klavier, Klawerbord, Kitaar, Perkussie**
**Konserttoonhoogte**



**OPSIE 6**

**Perkussiebegeleiding**

**MATSATSANTSA A PITORI**



## 5.5 PAT 2 (OPSIE 1): Komposisie

### PAT 2 (OPSIE 1): KOMPOSISIE

**Assesseringsverslag** **Totaal: _____/50**

| | |
|---|---|
| Leerder se naam | Datum |
| Titel van komposisie | Instrument(e) |

**INSTRUKSIES**

Komponeer 'n oorspronklike werk waarin die volgende vereistes nagekom word:

1. **Omvang:** Die minimum vereiste lengte is 24 mate. Die volgende tydmaattekens is aanvaarbaar: 3/4, 4/4, 6/8, 9/8, 12/8.
2. **Instrumentasie:** Klawerbordinstrumente; klawerbordinstrument en solo-instrument; 'n lied met begeleiding, jazz-combo; gemengde koor (SATB, TTBB, SSA, TTB); enige kombinasie van ten minste DRIE/VIER (3/4) instrumente; Klassieke/Afrika-perkussie vir ten minste DRIE (3) instrumente
3. **Styl:** Die komposisie/verwerking moet 'n tonale harmoniese basis en 'n duidelike melodiese lyn binne 'n homofoniese of polifoniese tekstuur hê. Komposisies/Verwerkings vir slaginstrumente moet rondom idiomatiese ritmiese beginsels vir die spesifieke instrumente georganiseer word.
4. **Partituur:** Die gebruik van notasie-sagteware word aangemoedig.
   'n Gedetailleerde partituur wat netjies met die hand geskryf is of gedruk is, moet ingelewer word. Die partituur moet voordragaanwysings soos tempo, dinamiek, artikulasie en karakteraanduidings bevat. Vir 'n jazz-combo kan die partituur met 'n lewendige opname saam met 'n gedetailleerde voordragkaart (skeletpartituur) vervang word met genoteerde melodieë, spesifieke akkoorde, ritmes en akkoordsimbole). Die gemengde-koor-parituur kan in tonika-solfa uitgeskryf word.
   **LET WEL: 'n Partituur met 'n melodiese lyn en slegs voorgestelde akkoorde is NIE aanvaarbaar NIE.**

**ASSESSERINGSINSTRUMENT EN NASIENRIGLYNE VIR KOMPOSISIE**

| BESKRYWING | MAKSIMUM PUNT | LEERDER SE PUNT |
|---|---|---|
| **Instrumente/Stemme**<br>Keuse van instrumente/stemme en die gebruik daarvan in die komposisie | 10 | |
| **Kreatiwiteit**<br>Kreatiewe skryfwerk, gebruik van oorspronklike idees, musikale elemente, styl | 20 | |
| **Partituur**<br>Nakoming van musikale konvensies betreffende notasie en voordragaanwysings | 10 | |
| **Algemeen**<br>Verwesenliking van die doel van die komposisie, aanbieding van die partituur, netheid, partituur kan uitgevoer word soos wat dit aangebied is. | 10 | |
| **TOTAAL** | **50** | |

| |
|---|
| Kommentaar |
| Onderwyser 1: Naam en handtekening |
| Onderwyser 2: Naam en handtekening |

## 5.6 PAT 2 (OPSIE 2): Verwerking

### PAT 2 (OPSIE 2): VERWERKING

**Assesseringsverslag** **Totaal: _____/50**

| Leerder se naam | Datum |
|---|---|
| Titel van komposisie | Instrument(e) |

**INSTRUKSIES**

Verwerk 'n kort, bestaande stuk sodat dit deur ander media as waarvoor dit oorspronklik geskryf is, uitgevoer kan word. Die volgende vereistes moet nagekom word:

1. **Omvang:** Die minimum lengte is 24 mate. Die volgende tydmaattekens word aanvaar 3/4, 4/4, 6/8, 9/8, 12/8.
2. **Instrumentasie:** Klawerbordinstrumente; klawerbordinstrument met 'n solo-instrument, 'n lied met begeleiding, jazz-combo; gemengde koor (SATB, TTBB, SSA, TTB); enige kombinasie van ten minste DRIE/VIER (3/4) instrumente; Klassieke/Afrika perkussie vir ten minste DRIE (3) instrumente
3. **Styl:** Die komposisie/verwerking moet 'n tonale harmoniese basis en 'n duidelike melodiese lyn binne 'n homofoniese of polifoniese tekstuur hê. Komposisies/Verwerkings vir perkussie-instrumente moet georganiseer word rondom idiomatiese ritmiese beginsels vir die spesifieke instrumente.
4. **Partituur:** Die gebruik van notasie-sagteware word aangemoedig.
   'n Gedetailleerde partituur wat netjies handgeskrewe of gedruk is, moet ingedien word. Die partituur moet voordragaanwysings soos tempo, dinamiek, artikulasie en karakteraanduidings bevat. Vir 'n jazz-combo kan die partituur vervang word met 'n lewendige opname saam met 'n gedetailleerde voordragkaart (loodsblad met genoteerde melodieë, gespesifiseerde akkoorde, ritmes en akkoordsimbole). 'n Komposisie vir gemengde koor mag in tonika-solfa uitgeskryf word.

**LET WEL: 'n Partituur met slegs 'n melodiese lyn en voorgestelde akkoorde is NIE aanvaarbaar nie.**

**ASSESSERINGSINSTRUMENT EN NASIENRIGLYN VIR VERWERKING**

| BESKRYWING | MAKSMUM PUNT | LEERDER SE PUNT |
|---|---|---|
| **Instrumente/Stemme**<br>Keuse van instrumente/stemme en die gebruik daarvan in die komposisie | 10 | |
| **Kreatiwiteit**<br>Kreatiewe skryfwerk, gebruik van oorspronklike idees, musikale elemente, styl | 20 | |
| **Partituur**<br>Nakoming van musikale konvensies betreffende notasie en voordragaanwysings | 10 | |
| **Algemeen**<br>Verwesenliking van die doel van die komposisie, aanbieding van die partituur, netheid, partituur kan uitgevoer word soos wat dit aangebied is. | 10 | |
| **TOTAAL** | **50** | |

| Kommentaar |
|---|
| Onderwyser 1: Naam en handtekening |
| Onderwyser 2: Naam en handtekening |

## 5.7 VOORBEELDE VIR VERWERKINGS

Die voorbeelde van verwerkings in hierdie PAT dokument dien slegs as basiese riglyn. Onderwysers mag hul eie aanvangstimulus genereer wat meer toepaslik vir hul eie spesifieke situasie is. Hierdie self-gegenereerde PAT'e moet van dieselfde standaard wees as die voorbeelde wat in hierdie dokument gegee word.


**OPSIE 1**
**Verwerking**

**SONG FOR ENID**




**OPSIE 2**
**Verwerking**

## LOVE ME TENDER




**OPSIE 3**
**Verwerking**

## ISHANDA-PHA LASHE DBE



## 6. VERKLARING VAN EGTHEID

# VERKLARING VAN EGTHEID

Naam van Skool: ______________________________

Vak ______________________________

Graad: ______________________________

Ek verklaar hiermee dat alle werk in hierdie portefeulje my eie oorspronklike werk is.

______________________________ ____________________
Handtekening van leerder Datum

______________________________
Naam van leerder

Ek onderskryf bogenoemde verklaring deur die leerder

______________________________ ____________________
Handtekening van onderwyser Datum

______________________________
Naam van onderwyser

Skoolstempel

Kopiereg voorbehou 

## 7. VOORGESTELDE BRONNE

### WESTERSE KUNSMUSIEK (WAM)

**BOEKE**
Bennett, R. *Enjoying Music Book 1*, Longman 1991
Bennett, R. *Form in Music*
Boyden, D. *An Introduction to Music*, Faber Paperbacks
Hosier, J. *Instruments of the Orchestra*, Oxford University Press
Warburton, A. *Analysis of Music Classics Book 1 and 3*, Longman

**INTERNET:**
Wikipedia:
1. Musical composition
2. Arrangement

YouTube: Improvisation

### JAZZ

**BOEKE:**
*The Garland Handbook of African Music 2nd Edition.* Edited by Ruth M Stone

**INTERNET:**
Wikipedia, the Free Encyclopaedia
www.music.org.za
http://www.routledge.com
www.afribeat.com
http://www.southafrica.info

### INHEEMSE AFRIKA-MUSIEK(IAM)

**BOEKE:**
Agu, Dan CC. *Form and Analysis of African Music*
Carver, M. *Understanding African Music*, Rhodes University
*The Garland Handbook of African Music 2nd Edition.* Edited by Ruth M Stone

**INTERNET:**
Wikipedia, the Free Encyclopaedia
http://www.southafrica.info
www.music.org.za
http://flatint.blogspot.com
http://www.routledge.com

### OF

ENIGE ANDER TOEPASLIKE BRONNE

## 8. GEVOLGTREKKING

Na voltooiing van die praktiese assesseringstaak moet leerders in staat wees om hulle begrip van die bedryf te demonstreer; hulle kennis, vaardighede, waardes en redenasievermoëns te versterk, en ook betrekkinge buite die klaskamer te vestig en uitdagings in die wêreld daar buite aan te durf. Die PAT ontwikkel verder leerders se lewensvaardighede en gee hulle die geleentheid om by hulle eie leerervarings betrokke te wees.

Kopiereg voorbehou